

Taal, kultuur en ontspanning: Die rol van die Algemeen-Nederlands Verbond in Kaapstad, 1995-2008

P de Klerk
Vakgroep Geskiedenis
Vaaldriehoek Kampus, Noordwes-Universiteit

Abstract

The Algemeen-Nederlands Verbond (“General Dutch Union”), an international society for the promotion of the Dutch language and culture, has been active in South Africa since its foundation in 1895, and a branch of this organisation has existed in Cape Town since 1908. The article discusses the activities of the Algemeen-Nederlands Verbond in Cape Town from 1995 until February 2008. Although some Afrikaans speakers and a few people of Flemish origin belong to the Cape Town branch, most members are Dutch immigrants. The Cape Town branch has always concerned itself with the development of a Dutch library, today the largest collection of Dutch books in the southern hemisphere. In 2004 the Algemeen-Nederlands Verbond transferred the ownership of the library to another organisation, the Huis der Nederlanden (“House of the Netherlands”), mainly because of financial problems. The Algemeen-Nederlands Verbond in Cape Town has been active in promoting Dutch culture in various ways, inter alia, by organising fairs and festivals with a Dutch character, such as the traditional Saint Nicholas festival.

Inleiding

Die Algemeen-Nederlands Verbond (ANV), ‘n internasionale vereniging vir die bevordering van die Nederlandse taal en kultuur,¹ is in 1895 gestig, en is sedertdien hoofsaaklik werksaam in Nederland, België en Suid-Afrika.

¹ Terwyl Nederlands die algemeen aanvaarde naam is van die taal wat in Nederland én Vlaandere gepraat word, kan onder die term Nederlandse kultuur verstaan word die kultuur van die Nederlanders, dus uitgeslote dié van die Vlaminge. Daarom word die term Nederlands-Vlaamse kultuur dikwels duidelikheidshalwe gebruik. In die konteks van die Groot-Nederlandse gedagte, waarna in die volgende afdeling verwys word, het die ANV by die Nederlandse kultuur ook die Vlaamse kultuur ingesluit. Ook tans word die term Nederlandse kultuur, onder meer in ANV-kring, dikwels aangewend om daarmee die kultuur van sowel die Nederlanders as die Vlaminge in te sluit. In hierdie artikel word die begrip Nederlandse kultuur in hierdie ruimer sin gebruik.

Dit bestaan tans uit sowat 1000 lede, waarvan ongeveer 'n derde in Suid-Afrika, as lede van die ANV-afdeling Kaapstad, woonagtig is. Die geskiedenis van die ANV in Suid-Afrika tot ongeveer 1995 is reeds in 'n reeks artikels behandel.² Sedert 1995 het die afdeling Kaapstad nog aktief gefunksioneer as 'n vereniging vir taal, kultuur en ontspanning, soos die afdeling steeds in hierdie periode na homself verwys het.³ Ten einde 'n volledige beeld van die geskiedenis van die ANV in Suid-Afrika te verkry, word die afgelope dertien jaar van die ANV-afdeling Kaapstad se bestaan (tot Februarie 2008) van nader bekyk, in besonder met die oogmerk om vas te stel op watter wyse en met welke mate van sukses dit die oogmerke van die ANV om die Nederlandse taal en kultuur te bevorder nagestreef het.

'n Goeie begrip van die funksionering van die ANV in die afgelope jare kan net verkry word teen die agtergrond van die voorafgaande honderd jaar van hierdie vereniging se bestaan. Daarom word baie kortliks enkele hooflyne geskets van die geskiedenis van die vereniging en sy betrokkenheid by Suid-Afrika en ook van die vroeëre geskiedenis van die Kaapstad. Daarna word die vereniging se werksaamhede in oënskou geneem, eers dié wat in besonder met die taal en letterkunde te make het en daarna dié wat meer gerig is op ander aspekte van die kultuur en op ontspanning. Verder word die verhouding met die ANV in Nederland en België en met ander verenigings en instansies in Kaapstad en omgewing bespreek en ten slotte word 'n samevattende evaluering gedoen.

Die ANV en Suid-Afrika voor 1995⁴

In Nederland en Vlaandere was daar in die laat negentiende eeu 'n oplewing van nasionalisme wat gedeeltelik veroorsaak is deur die Transvaalse Boere se oorlog teen Groot-Brittanje in die jare 1880-1881. Die Boere of Afrikaners is as Nederlanders in die vreemde beskou en die opvatting dat die Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners die drie takke van die Nederlandse "stam" is, is in

2 P de Klerk, "Die Algemeen-Nederlands Verbond en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 8(2), 1994, pp. 65-71; P de Klerk, "Die Algemeen-Nederlands Verbond in Suid-Afrika, 1906-1940", *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 11(1), 1997, pp. 109-122; P de Klerk, *Die Algemeen-Nederlands Verbond en Suid-Afrika, 1945-1995, Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 21(1), 1996, pp. 68-87.

3 Die nuusbriewe van die ANV-afdeling Kaapstad wat vanaf 1995 gereeld verskyn het, het nie almal presies dieselfde opskrif nie, maar na die hoofopskrif, wat gewoonlik lui "ANV Nieuwsbrief" of "ANV Afdeling Kaapstad", bevat die subopskrif telkens die woorde "vereniging voor taal, kultuur en ontspanning". Die nuusbriewe is ter insae gekry in die argief van die ANV-afdeling Kaapstad (hierna ANV-argief).

4 Die inhoud van hierdie afdeling is gebaseer op die artikels genoem in voetnoot 2 hierbo.

hierdie jare deur baie Nederlanders en Vlaminge gehuldig. Hierdie periode was die era van Europese imperialisme, toe Groot-Brittanje, Frankryk, Duitsland, Rusland en Italië groot gebiede in Afrika en Asië onder hul beheer gebring het. Dit is juis Britse magsuitbreiding in Suider-Afrika wat die vryheid van die Boererepublieke bedreig het. Tog het die Nederlanders aanvanklik nog suidelike Afrika as 'n moontlike gebied vir verdere verspreiding van die Nederlandse taal en kultuur gesien. Die besef dat die Nederlandse volk heelwat kleiner is as, onder meer, sy Britse, Duitse en Franse buurvolke, en dat sy voortbestaan bedreig word, het meegebring dat die moontlikheid van Nederlandse kultuuruitbreiding in Afrika as 'n middel gesien is om die toekoms van die Nederlandse taal en kultuur te verseker. Die ANV was sedert sy stigting in 1895 by uitstek die vereniging wat hom daarvoor beywer het om die bande tussen die drie takke van die Nederlandse stam en daarmee die Nederlandse taal en kultuur te versterk. Na hierdie strewe is gewoonlik verwys as die Groot-Nederlandse gedagte. Leiersfigure in die ANV het dikwels, nog tot in die sestigerjare van die twintigste eeu, verklaar dat die letters ANV nie net staan vir Algemeen-Nederlands Verbond nie, maar ook vir Afrikaners, Nederlanders en Vlaminge. Die wapen van die ANV bevat drie skepe wat Nederland, Vlaandere en Suid-Afrika simboliseer.

Tydens die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902 het die ANV in Nederland 'n perskantoor opgerig met die doel om berigte waarin die Boeresak in 'n positiewe lig gestel word wêreldwyd te versprei. Hiermee is 'n belangrike bydrae gelewer om Britse oorlogspropaganda teen te werk. Na die oorlog het die Nederlanders en Vlaminge besef dat die ou ideaal om van Suid-Afrika 'n groot Nederlandse taal- en kultuurgebied, 'n "nuwe Nederland", te maak, nie meer verwesenlik kan word nie. Die ANV het dit nou as sy taak gesien om die Nederlands-Afrikaanse element in Suid-Afrika sover as moontlik te versterk. Reeds kort na afloop van die Anglo-Boere-oorlog het die ANV probeer bydra tot die Boere se geestelike en kulturele herstel deur groot hoeveelhede Nederlandse boeke na Suid-Afrika te stuur. Dit het een van die sy vernaamste aktiwiteite in Suid-Afrika geword. Verder is beurse beskikbaar gestel aan Afrikaners wat in Nederland wou studeer en pryse toegeken aan Suid-Afrikaners wat op skool en universiteit in Nederlands as vak gepresteer het. Die ANV het ook 'n aantal takke of afdelings in Suid-Afrika gestig, waarin Nederlandse immigrante dikwels die voortou geneem het en waarby Afrikaners ook betrek is, maar, behalwe vir die afdeling Bloemfontein, wat van 1908 tot 1963 gefunksioneer het, en Kaapstad, wat tot nou toe bestaan,

was die afdelings nie werklik lewensvatbaar nie en het enkele jare na hulle stigting weer van die toneel verdwyn.

In die eerste helfte van die twintigste eeu het die ANV 'n groot aantal afdelings of takke in Nederland, België en die die Nederlandse kolonies in Nederlands-Indië (die huidige Indonesië), die Karibiese gebied en Suriname gehad. Met die dekolonisasie van Nederlands-Indië het die ANV-afdelings daar tot niet gegaan, en ook in Nederland en België het die ANV se ledetal geleidelik verminder. Tot in die sestigerjare het die ANV in Nederland en België steeds daarna gestreef om noue bande met Suid-Afrika en die Afrikaanssprekendes te onderhou. In die sewentigerjare was daar 'n aksentverskuiwing en het die ANV veral gefokus op die bevordering van kulturele eenheid tussen Nederland en Vlaandere. Die idee van die Nederlandse stam het teen hierdie tyd in Nederland en België in diskrediet geraak. Die ANV het die Afrikaners nie meer gesien as deel van die Nederlandse "stam" nie en die Afrikaanse kultuur nie meer as deel van 'n groter Nederlandse kultuur nie, hoewel die vereniging nog noue betrekkinge met die Afrikaanstaliges wou handhaaf weens die taal- en kultuurverwantskap. As kultuurorganisasie het die ANV nie 'n amptelike standpunt oor die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid ingeneem nie, maar baie ANV-lede was sterk daarteen gekant en het geen besondere simpatie meer vir Suid-Afrika en, gedeeltelik as gevolg daarvan, vir die Afrikaanse taal en kultuur gevoel nie. In Suid-Afrika het daar na 1963 net een afdeling, Kaapstad, bly bestaan, wat vanaf die sewentigerjare die enigste afdeling buite Nederland en België was. Die ANV in hierdie twee lande het nog, hoewel op veel meer beperkte skaal as in die vroeë twintigste eeu, die Nederlandse kultuur in Suid-Afrika probeer bevorder en gereeld geld geskenk vir die Nederlandse biblioteek wat deur die Kaapstadse ANV-afdeling in stand gehou is.

Die afdeling Kaapstad voor 1995

Die ANV-afdeling Kaapstad is in 1908 opgerig op inisiatief van Prof. EC Godée Molsbergen, 'n Nederlander wat in hierdie jare professor in Geskiedenis aan die Victoria-kollege op Stellenbosch was.⁵ Dit het al baie vroeg tot een van die grootste afdelings buite Europa uitgegroeï en binne 'n jaar reeds 140 lede getel. 'n Gebou is gehuur om as verenigingslokaal te dien en daar is begin om Nederlandse boeke te versamel. Die ANV het in 1918 die inisiatief

⁵ Vgl. A Böeseken, "Lewe en werk van EC Godée-Molsbergen", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 8, 1976, pp. 119-131.

geneem om die koms van Jan van Riebeeck na Suid-Afrika in 1652 te gedenk deur 'n byeenkoms te reël waarop FW Reitz, toe president van die Senaat, 'n rede oor Van Riebeeck se lewe gelewer het.⁶ Vanaf 1921 is daar op 6 April 'n blomkrans gelê by die Van Riebeeckstandbeeld. Dit het 'n jaarlikse instelling geword, waaraan by geleentheid ook die burgemeester van Kaapstad, die administrateur van die Kaapprovinsie en ander instansies deelgeneem het.⁷ Hiermee het die ANV, volgens die historikus W. van Ledden, 'n belangrike bydrae gelewer om die beeld van Van Riebeeck as vader van die Nederlandse "stam" in Suid-Afrika te bestendig.⁸

In 1913 het die ANV-afdeling begin met die inrigting van 'n leeskamer, wat uitgegroei het tot 'n biblioteek wat in 1938 7000 boeke getel het. Die biblioteek het steeds gegroei en teen 1997 meer as 17000 boeke bevat.⁹ Die afdeling se werksaamhede was dan ook in groot mate gesentreer om die biblioteek, wat vanaf 1989 bekend staan as die Nederlandse Boekery-ANV. Die leeskamer was vyftien jaar lank (1919 -1934) gehuisves in die Afrikaner Koffiehuis in die middestad van Kaapstad, wat ook 'n gesellige bymeekaarkomplek vir ANV-lede was. Die biblioteek is daarna enkele kere na ander geboue in die middestad verskuif. In 1983 is 'n lokaal in die Satbelsentrum, Groenpunt, gehuur, waar die biblioteek 'n verdere 14 jaar gehuisves was.¹⁰ In 1974 is begin met buitendienste of boekdepots, wat ingerig is in die huise van ANV-lede en later ook in openbare dorpsbiblioteke. In 1994 was daar buitendienste in Bellville, Franschhoek, Milnerton, Somerset-Wes en Stellenbosch. Daar is altyd in groot mate van vrywillige helpers by sowel die sentrale biblioteek as die buitendienste gebruik gemaak.¹¹ Die voortbestaan van die biblioteek gedurende al die jare is deur die finansiële steun van verskeie instansies moontlik gemaak. Naas die ANV-hoofbestuur, die Kaaplandse Provinsiale Administrasie en die stadsraad van Kaapstad, het verskeie stigtings, onder meer die Zuid-Afrikaanse Stichting Moederland en die Van Ewijkstigting van Kaapstad geldelike hulp verleen.¹²

6 Vgl. KHFC Oudschans Dentz, "Geschiedenis van het Algemeen Nederlands Verbond in Zuid-Afrika en in bijzonder van de Afdeling Kaapstad van 1908-1953" (Ongepubliseerde manuskrip, beskikbaar in ANV-argief).

7 KHFC Oudschans Dentz, "Geschiedenis van het Algemeen Nederlands Verbond".

8 WP van Ledden, Jan van Riebeeck tussen wal en schip; een onderzoek naar de beeldvorming over Jan van Riebeeck in Nederland en Zuid-Afrika omstreeks 1900, 1950 en 2000 (Hilversum, 2005), p. 53.

9 ANV-argief, Jaarverslag van die Nederlandse Boekery-ANV 1997.

10 E Alma, Overzicht van de geschiedenis van de Nederlandse Boekery A.N.V. (Ongepubliseerde manuskrip, beskikbaar in ANV-argief).

11 E Alma, Overzicht van de geschiedenis van de Nederlandse Boekery A.N.V.

12 E Alma, Overzicht van de geschiedenis van de Nederlandse Boekery A.N.V.

Die werksaamhede van die afdeling het steeds oor 'n wye spektrum gestrek. Daar is deur die jare talle lesings deur Suid-Afrikaanse, Nederlandse en Belgiese geleerdes oor 'n verskeidenheid van onderwerpe gehou. Die lede was self ook aktief by bedrywighede op die gebied van toneel, musiek en volksdanse betrokke.¹³ Die meeste lede van die ANV-afdeling het in Kaapstad en sy voorstede gewoon en die ANV-byeenkomste het gewoonlik in Kaapstad plaasgevind. Slegs wat die biblioteek betref, is daar, soos hierbo aangedui, besondere voorsiening gemaak vir die lede wat in ander Wes-Kaapse dorpe woonagtig was.

Verskeie persone, onder wie Afrikaners en Nederlandse immigrante, het in die vroeë jare 'n belangrike rol in die werksaamhede van die afdeling gespeel. Onder die eerste voorsitters was daar enkele Afrikaners. Een van hulle, HA Fagan, wat voorsitter was van 1926-1928, het later 'n belangrike rol in die openbare lewe gespeel as kabinetsminister en hoofregter en ook bekendheid verwerf as digter en dramaturg.¹⁴ Die meeste voorsitters was egter Nederlandse immigrante. Onder hulle was Mev. E Loopuyt (eggenote van die Nederlandse vise-konsul in Kaapstad), voorsitter van 1918 tot 1926, wie se naam volgens Oudschans Dentz al vanaf 1908 “als een gouden draad door alle notulen, voorstellen en beslissingen” van die afdeling loop.¹⁵

Hoewel die afdeling aanvanklik 'n hele aantal Afrikaners onder sy lede getel het, was die meerderheid van die lede waarskynlik steeds Nederlanders en Oud-Nederlanders. In 1947 was nog sowat 40% van die lede Afrikaanssprekend, maar daarna het hulle 'n al kleiner deel van die totaal uitgemaak. Nederlandse immigrante, waarvan daar in die eerste dekade na die Tweede Wêreldoorlog 'n groot aantal na Suid-Afrika gekom het, was veral verantwoordelik vir 'n groot styging in ledetal vanaf die vyftigerjare en sodoende het die persentasie Afrikaanssprekende lede al kleiner geword. Die ledetal van die afdeling het in 1982 700 bereik, 'n getal wat tot in 1996 gehandhaaf kon word.¹⁶ Uit hierdie totaal was daar in 1982 slegs 70 Vlaminge en 40 Afrikaanssprekendes. Laasgenoemde groep het enkele bruin mense ingesluit.¹⁷

13 Hieroor word meer inligting verskaf in P de Klerk, “Die Algemeen-Nederlands Verbond in Suid-Afrika, 1906-1940”, *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 11(1), 1997, p. 111; P de Klerk, *Die Algemeen-Nederlands Verbond en Suid-Afrika, 1945-1995, Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 21(1), 1996, pp. 70-71.

14 JC Kannemeyer, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* I (Kaapstad, 1978), pp. 206-211.

15 KHFC Oudschans Dentz, *Geskiedenis van het Algemeen Nederlands Verbond*.

16 ANV-argief, Notule ledevergadering, 25 Februarie 1997.

17 ANV-argief, TJ Metzlar- Hoofbestuur van Algemeen-Nederlands Verbond, Den Haag, 30 Mei 1982.

Taal en letterkunde

Die Nederlandse Boekerij-ANV het in die 1990's nog steeds 'n sentrale rol in die werksaamhede van die ANV-afdeling Kaapstad gespeel. Dit het in 1997 bestaan uit 17300 boeke, waarvan 8500 geklassifiseer is as vakliteratuur, 8000 as romans en 800 as kinderboeke. In daardie jaar is 12200 boeke uitgeleen.¹⁸ In 1988 is begin met 'n videoteek en daarna ook met 'n CD-versameling. In 1996 was daar 120 CD's in die biblioteek, wat veral op die Nederlandse letterkunde en kabaret betrekking gehad het.¹⁹ Die afdelingsbestuur het aan die begin van die negentigerjare groot probleme ondervind om genoeg geld te vind vir die instandhouding van die biblioteek en veral vir die huur van die ruimte waarin die boeke gehuisves is. In 1991 en daaropvolgende jare is daarin geslaag om 'n aansienlike finansiële bydrae van die Willem de Zwijger Stichting te verkry.²⁰ Hiermee het 'n verbintenis tussen hierdie stigting en die biblioteek tot stand gekom wat uiteindelik ingrypende veranderinge vir die afdeling Kaapstad en sy verhouding met die biblioteek meegebring het.

Die Willem de Zwijger Stichting is opgerig deur die testamentêre beskikking van EH Ebels, 'n Nederlandse ingenieur wat teen 1920 as student in Delft baie simpatie vir die Vlaamse saak ontwikkel het. Hy het sy aansienlike vermoë, wat hy deels in Suid-Afrika opgebou het, nagelaat aan 'n stigting wat hom moes rig op die bevordering van die Groot-Nederlandse gedagte.²¹ Veral deur die toedoen van die algemene sekretaris van die ANV in Nederland, JLM Kits Nieuwenkamp, wat ook 'n lid was van die kuratorium van die Willem de Zwijger Stichting, het hierdie stigting homself in 1995 bereid verklaar om geld beskikbaar te stel vir die koop van 'n gebou waarin die biblioteek voortaan gehuisves kon word en wat ook as 'n Nederlands-Vlaamse kulturele sentrum in Kaapstad kon dien.²² 'n Gebou in Pinelands is vir dié doel aangekoop. Die stigting het bepaal dat die Huis der Nederlanden (HdN), soos die kulturele sentrum bekend sou staan, sy eie bestuur sou hê, wat enkele verteenwoordigers van die ANV-afdeling sou insluit.²³ By 'n vergadering van die afdelingsbestuur en verteenwoordigers van die Willem de Zwijger Stichting in Februarie 1997 is ooreengekom dat die ANV die boekery in bruikleen aan die HdN sou oordra, mits lede gratis toegang tot die boeke en ander fasiliteite in die gebou

18 ANV-argief, Jaarverslag van die Nederlandse Boekerij-ANV 1997.

19 ANV-argief, Jaarverslag van die Nederlandse Boekerij-ANV 1996.

20 E Alma, "Overzicht van de geschiedenis van de Nederlandse Boekerij A.N.V."

21 Pamflet: Over het Huis der Nederlanden – versie 26.07.07, beskikbaar gestel deur me A. van Niekerk, voorsitter Raad van Trustees van die Huis der Nederlanden.

22 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 15 Junie 1995, 20 Julie 1995.

23 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 18 April 1996, 19 September 1996.

kry.²⁴ Daarna is die boekevoorraad na die nuwe tuiste in Pinelands verskuif. Prof. PGJ Overduin, 'n bibliotekkundige wat vroeër aan die Universiteite van die Oranje-Vrystaat en Stellenbosch verbonde was en reeds nege jaar lank leiding geneem het in die bestuur en ontwikkeling van die ANV-boekery, is nou aangestel as bibliotekaris met die titel direkteur van die Nederlandse Biblioteek, soos die boekery voortaan sou bekend staan.²⁵

Die biblioteek was nou nie meer direk onder beheer van die ANV nie, maar ANV-lede het die vernaamste gebruikers van die biblioteek gebly. Die afdeling Kaapstad het dan ook aanvanklik 'n groot deel van die jaarlikse lidmaatskapsbydrae aan die HdN afgestaan. Dit het finansiële probleme vir die afdeling meegebring en in Februarie 2003 is op 'n algemene ledevergadering besluit om voortaan nie meer 'n deel van die ledegeld aan die HdN oor te betaal nie. Die bestuur van die Stichting Huis der Nederlanden het hierdie besluit aanvaar, maar daaropvolgens voorgestel dat die boekevoorraad teen vergoeding aan die HdN oorgedra word.²⁶ Die afdelingsbestuur het die saak opgeneem met die ANV-hoofbestuur, wat die eintlike eienaar van die boeke was. Die hoofbestuur het besluit dat die boekevoorraad aan die HdN oorgedra word.²⁷ Lede van die ANV-afdeling is gevra om skriftelik aan te dui as hulle teen so 'n stap gekant was, en slegs enkeles het 'n "nee-stem" uitgebring.²⁸ Na samesprekings tussen die besture van die ANV-afdeling en die HdN is 'n koopvooreenkoms in Januarie 2004 opgestel waarvolgens die boekevoorraad en ander bates wat behoort het aan die boekery vir R8500 aan die HdN verkoop word. Lede van die ANV sou egter gratis toegang tot die biblioteek behou.²⁹ Die voorsitter van die afdeling Kaapstad, prof. Gerrit Wiechers, het daarop gewys dat hiermee 'n baie belangrike stap in die bestaan van die ANV-afdeling Kaapstad geneem is. Daar moes nou afstand gedoen word van die biblioteek, wat jare lank die ruggraat van die vereniging was. Finansiële probleme vanaf die 1980's het egter meegebring dat die ANV nie sou kon voortgaan om die boekery te bedryf nie en die totstandkoming van die HdN het dit moontlik gemaak dat die biblioteek voortbestaan.³⁰

24 ANV-argief, Notule vergadering van 'n afvaardiging van die Willem de Zwijgerstigting en die bestuur van die ANV Kaapstad en die boekery, 10 Februarie 1997.

25 ANV-argief, Verslag Nederlandse Boekery-ANV 1997; Nuusbriewe, Junie 1998; Augustus 1998.

26 ANV-argief, Nuusbrief, Mei 2003. Vergelyk ook brief A van Niekerk aan bestuur ANV-Kaapstad, 1 Desember 2005 (besikbaar gestel deur me A van Niekerk).

27 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 22 Mei 2003; Nuusbrief, Augustus 2003.

28 ANV-argief, Nuusbrief, Oktober 2003.

29 ANV-argief, Koopvooreenkoms aangegaan tussen die ANV, Kaapstad en die Stichting Huis der Nederlanden, 9 Januarie 2004.

30 ANV-argief, Nuusbrief, Januarie 2004.

Die gratis gebruik van die biblioteek deur ANV-lede het twee jaar later in die gedrang gekom toe die HdN ook geldelike probleme ondervind het. Die instandhouding van die biblioteek, waarvan die uitleen van boeke aan veral ANV-lede 'n belangrike komponent uitgemaak het, het heelwat uitgawes meegebring, en die bestuur van die Stichting Huis der Nederlanden het aan die afdelingsbestuur voorgestel dat die kontrak van 2004, waarvolgens die lede van die ANV gratis van die biblioteek kan gebruik maak, afgekoop word teen 'n bedrag van R6000 en dat ANV-lede, soos ander biblioteekgebruikers, ledegeld betaal.³¹ Die Zuid-Afrikaanse Stichting Moederland (ZASM), wat nou ook bygedra het tot die instandhouding van die HdN, het reeds bepaal dat sy subsidie nie aangewend mag word vir die uitleenfunksie van die biblioteek nie aangesien, soos die voorsitter van die stigting, drs Harry Brinkman, dit gestel het, dit net dienslewering aan 'n klein getal, meesal bejaarde, Nederlandssprekendes beteken het. Die voorsitter van die Willem de Zwijger Stichting, dr Maarten Cohen-Stuart, wat vanaf die vroeë negentigerjare betrokke was by die totstandkoming van die HdN en die finansiering van die biblioteek, het verklaar dat die aangewese uitweg was dat die uitleenbiblioteek met die hulp van vrywilligers voortgesit word. Die voorsitter van die bestuur van die Stichting Huis der Nederlanden, me Anneke van Niekerk, was van mening dat op hierdie wyse voortgegaan kon word met 'n "uitgedunde fiksieafdeling met uitleenfunksie totdat die ledetal sodanig afneem dat dit 'n natuurlike dood sterf".³² Hierdie voorstel is deur die ANV-afdeling op 'n ledevergadering verwerp,³³ maar die kuratorium van die Willem de Zwijger Stichting en die bestuur van ZASM het besluit dat hulle voortgaan om die HdN te herstruktureer en dat 'n beperkte voorsiening van biblioteekdienste net voortgesit kan word as dit versorg word deur vrywilligers en bekostig word deur besondere subsidies en lenersgelde.³⁴

Hierdie optrede van die twee stigtings is deur die ANV-afdeling as kontrakbreuk veroordeel. Die afdelingsbestuur kon egter weinig anders doen as om in die besluit te berus en sy samewerking te verleen aan 'n nuwe organisasie wat inmiddels op die been gebring is om hoofsaaklik die uitleenfunksie van die biblioteek te behartig.³⁵ In Mei 2006 is 'n vereniging bekend as Vrienden van de Nederlandse Boekery (later genoem Vrienden

31 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 22 Februarie 2006.

32 Brief A van Niekerk aan bestuur van ANV-afdeling Kaapstad, 1 Desember 2005 (beskikbaar gestel deur me A van Niekerk).

33 ANV-argief, Notule ledevergadering, Maart 2006.

34 ANV-argief, Nuusbrief, Julie 2006.

35 ANV-argief, Voorsittersverslag, 2006.

van de Nederlandse Bibliotheek) opgerig onder voorsitterskap van mnr Piet Westra, voormalige direkteur van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad. Die vereniging stel hom ten doel om, veral deur gebruik te maak van die dienste van meer vrywilligers as wat vroeër die geval was, die biblioteek in die HdN aan die gang te hou.³⁶ Deur lenersheffings en bydraes van die Van Ewijkstigting, die Neerlandia-stigting en die Wes-Kaapse biblioteekdiens is daar inkomste verkry wat aangewend kon word vir die aankoop van boeke en tydskrifte en vir die delging van die administrasiekoste.³⁷ Bestaande lede van die ANV het 'n leningsheffing wat laer is as dié van ander biblioteekgebruikers betaal.³⁸ Aanvanklik het slegs 28 ANV-lede by die vereniging Vrienden van de Nederlandse Bibliotheek aangesluit, maar aan die begin van 2008 was uit die totale aantal van ongeveer 300 lede van die vereniging sowat 80 ook lede van die ANV.³⁹

Hoewel die Nederlandse Biblioteek, die grootste versameling van Nederlandse boeke in die suidelike halfmond, tans nie meer onder beheer van die ANV is nie, het dit tog grotendeels deur die werksaamhede van die Kaapstadse ANV tot stand gekom. In die periode na 1997, onder die bestuur van die HdN en later van die Vrienden van de Nederlandse Bibliotheek, is die boekevoorraad wel aansienlik uitgebrei en daar is tans sowat 30 000 boeke.⁴⁰ Die ANV-afdeling voel hom steeds medeverantwoordelik vir die voortbestaan en uitbouing van die biblioteek en die afdelingsbestuur het voortgegaan om te poog om finansiële steun vir die boekery by die ANV-hoofbestuur te probeer kry. In Februarie 2008 het die hoofbestuur 'n subsidie van 6000 euro aan die biblioteek toegeken, met die opsie van 'n verdere 6000 euro as aan sekere voorwaardes voldoen word.⁴¹

Die ANV-afdeling Kaapstad het dus 'n belangrike bydrae gelewer om deur die instandhouding en uitbouing van die biblioteek die Nederlandse taal en letterkunde in Suid-Afrika bevorder. Hoewel die fiksie-afdeling gedeeltelik uit ontspanningslektuur bestaan, bevat dit ook 'n baie uitgebreide versameling van Nederlandse prosa, poësie en drama vanaf die sewentiende eeu tot op hede. Die biblioteek is nog altyd veral deur Nederlandssprekendes benut,

36 ANV-argief, Nuusbrief, September 2006.

37 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 2006, Augustus 2007, Februarie 2008.

38 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 2006, Augustus 2007.

39 ANV-argief, Voorsittersverslag, 2006; Mondelinge mededeling P Westra, 19 Februarie 2008. Baie van die ander lede is waarskynlik voormalige ANV-lede wat vroeër by die ANV aangesluit was veral met die oog daarop om die biblioteek te kan gebruik.

40 Vrienden van de Nederlandse Bibliotheek, Pamflet, "Informatie over de Nederlandse Bibliotheek".

41 ANV-argief, Nuusbrief, Februarie 2008.

maar daar was en is steeds ook Afrikaanssprekendes wat van die biblioteek gebruik maak.⁴² Dit is toeganklik vir alle Suid-Afrikaners wat belangstel in die Nederlandse kultuur en, in besonder, die Nederlandse letterkunde.

Reeds vanaf 1956 het die ANV boekpryse aan die beste presteerders in Nederlands aan die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch en later ook die Universiteit van Wes-Kaapland toegeken. Die Nederlandse of die Belgiese konsul het gewoonlik die pryse oorhandig.⁴³ In 1993 het die afdelingsvoorsitter, mnr. Jan van der Wielen, die versterking van bande met die departemente Afrikaans-Nederlands aan die drie universiteite in Wes-Kaapland en die bevordering van Nederlands in die onderwys uitgesonder as belangrike take van die afdeling vir die volgende jare.⁴⁴ In 2002 is geen pryse uitgereik nie, onder meer weens die hoë koste om Nederlandse boeke in te voer. Danksy 'n finansiële skenking van die ANV in Nederland is in 2003 daarmee voortgegaan, terwyl ook die Belgiese konsulaat en die Kaapse Forum vir Neerlandistiek 'n aantal boeke voorsien het.⁴⁵

In 1999 is daar begin met 'n aktiwiteit wat daarop gerig was om Nederlandse taalkennis te bevorder. In Nederland en Vlaandere het daar in daardie jare wedstryde plaasgevind waarin die spelvermoë van die kandidate getoets is en waaraan duisende mense deelgeneem het.⁴⁶ Twee ANV-lede, mnr Roger Neven en dr Wim Vlietstra, het na aanleiding van hierdie wedstryde jaarliks 'n Groot Dictee der Nederlandse Taal vir Nederlandssprekendes van Kaapstad en omgewing georganiseer. By die eerste diktee, afgeneem in die HdN, was daar 35 deelnemers wat 'n totaal van meer as 300 woorde wat aan hul voorgelees is, moes neerskryf. Die wenner het slegs twaalf spelfoute gemaak. Die Nederlandse en Belgiese konsulate het boekpryse verskaf.⁴⁷ By die diktee van 2003, met 32 deelnemers, het twee Nederlanders en twee Vlaminge die vier beskikbare pryse gewen.⁴⁸ Die negende diktee het in November 2007 plaasgevind. Die deelnemers het dit as 'n moeilike maar mooi diktee bestempel en dit is, soos die vorige kere, gevolg deur 'n nabetraging en bespreking oor aspekte van die Nederlandse taal en spelling.⁴⁹

42 P Westra, Mondelinge mededeling (Voorsitter, Vrienden van der Nederlandse Biblioteek), P de Klerk (Navorser), 19 Februarie 2008.

43 ANV-argief, Voorsittersverslag, 1996; Nuusbriewe, Junie 1998; Desember 1999.

44 ANV-argief, Nuusbriewe, November 1993.

45 ANV-argief, Voorsittersverslag 2003; Nuusbriewe, Januarie 2005.

46 ANV-argief, Nuusbriewe, April 1998.

47 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 1999.

48 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 2003.

49 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 2007.

Kultuur en ontspanning

Die afdeling Kaapstad het voortgegaan om, saam met ander instansies, Van Riebeeckdag te vier en hiermee die tradisie voort te sit wat in 1918 op inisiatief van die ANV begin is. In die vroeë negentigerjare het politieke faktore die viering van Stigtingsdag by die standbeeld van Jan van Riebeeck in die wiele begin ry. In 1992 is die afdeling deur die kantoor van die burgemeester uitgenooi om aan die vieringe deel te neem, maar is later meegedeel dat die verrigtinge afgelas is.⁵⁰ In 1993 en 1994 het daar wel weer amptelike seremonies plaasgevind en het bestuurslede van die ANV 'n blomkrans by die standbeeld gelê.⁵¹ Nadat Stigtingsdag in 1994 as openbare vakansiedag afgeskaf is, het daar soms nog op 6 April herdenkingsvieringe plaasgevind, wat gereël is deur verskillende instansies, onder meer die HdN, en ook die ANV het daaraan meegewerk.⁵²

Die Nederlandse ambassade, en later die konsulaat-generaal, in Kaapstad het elke jaar op 30 April, op Koninginnedag, 'n resepsie gereël, waarna lede van die Nederlandse gemeenskap uitgenooi is. In 2005, met die 25-jarige ampsjubileum van koningin Beatrix, is 'n dag-lange fees gereël deur die konsulaat-generaal en die Nederlandse verenigings in Kaapstad. Die ANV het hierin 'n groot aandeel gehad.⁵³ In 2006 en 2007 het die ANV-afdeling self die Koninginnedagvierings aangebied en het die konsul-generaal 'n finansiële bydrae daartoe gelewer en ook sy tuin beskikbaar gestel.⁵⁴

Vanaf die sestigerjare het die viering van Sint Nicolaasfees 'n jaarlikse instelling geword. Dit is gewoonlik by die huis van die Nederlandse ambassadeur gehou en is meesal goed bygewoon, ook deur familie en vriende van lede en hulle kinders.⁵⁵ Vanaf 1998 is daar twee Sinterklaasfeeste gehou, een vir kinders en een vir ouer lede.⁵⁶ Oor die fees vir ouer lede in 2000, in die HdN, word in 'n nuusbriewe van die afdeling onder meer geskryf: "Bijna honderd niet-meer-zo-jonge ANV-leden en andere vrienden van zo ongeveer dezelfde ouderdom hebben ruim kunnen genieten van een vier uur lang feest... Er was muziek en zang, pianospel en koek, en film en voordracht, en koffie en frisdrank, en

50 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 21 Januarie 1993.

51 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 15 April 1993, 21 April 1994; Voorsittersverslag 1994.

52 ANV-argief, Nuusbriewe, Februarie 1998, Junie 1999, April 2000; Notule bestuursvergadering, 22 Junie 2000.

53 ANV-argief, Nuusbriewe, Maart 2005, Mei 2005.

54 ANV-argief, Nuusbriewe, Maart 2006, Julie 2006, April 2007; Notule bestuursvergadering, 25 April 2007.

55 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 15 Oktober 1992, 14 Januarie 1997.

56 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 1999.

tombola en danspasjes, en maaltijd en cadeautjies, en rijmpjes, en ...overal lachende gezichten.”⁵⁷ Die fees vir die kinders, in die tuin van die Nederlandse konsul-generaal, is in 2002 bygewoon deur 92 kinders en 120 volwassenes.⁵⁸ In 2004 het Sinterklaas per boot by die Kaapstadse Waterfront aangekom, waar hy deur meer as 800 mense, onder wie die Nederlandse konsul-generaal, ingewag is.⁵⁹ Die konsul-generaal, me E Berends, het in ’n bedankingsbrief aan me M van der Meijden, wat in beheer was van die organisasie, geskryf dat dit ontsettend baie werk moes gekos het om die fees te reël, maar dat dat die resultaat net as “fantastisch” beskryf kan word.⁶⁰

Sedert die vroeë negentigerjare is daar gereeld ’n kerssangdiens in Desember gehou, gewoonlik in ’n kerkgebou.⁶¹ Van die kerssangdiens van 2001, in die Presbiteriaanse kerk van Pinelands, word onder meer in ’n nuusbrief vermeld dat dit deur 120 mense bygewoon is en dat die program ingesluit het: ’n boodskap deur Prof. GD Cloete van die Universiteit van Wes-Kaapland, solosang deur die bariton De Wet van Rooyen, klavier- en fluitmusiek en samesang.⁶² In 2002 het ’n kinderkoor opgetree en is die slotwoord gespreek deur die Nederlandse konsul-generaal.⁶³ Vanaf 2000 is daar ook vroeg in Januarie nuwejaarsresepsies gehou. Op hierdie byeenkomste het die afdelingsvoorsitter ’n toespraak gehou waarin verskillende aspekte rakende die ANV behandel is en het ’n buffetete plaasgevind.⁶⁴ Die resepsie is ook gesien as ’n goeie geleentheid vir lede om hul ledegelde te betaal en om nuwe lede voor te stel.⁶⁵

Vanaf 1998 is daar jaarliks in Oktober ’n geleentheid gereël wat bekend gestaan het as die Markt der Lage Landen. In ’n nuusbrief word dit as ’n “Nederlandse fancy fair/Vlaamse kermis” beskryf.⁶⁶ By die eerste kermis, wat plaasgevind het by die HdN, is onder meer Nederlandse en Vlaamse lekkernye soos haring, wafels, saté en oliebolle te koop aangebied. Die geleentheid is deur ongeveer 350 mense besoek en al die produkte is verloop.⁶⁷ Die doel van die Markt der Lage Landen was veral om geld in te samel wat

57 ANV-argief, Nuusbrief, Februarie 2001.

58 ANV-argief, Nuusbrief, Januarie 2003.

59 ANV-argief, Nuusbrief, Januarie 2005.

60 ANV-argief, E Berends- M van der Meijden, 6 Desember 2004.

61 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 19 November 1992, 19 Oktober 2000.

62 ANV-argief, Nuusbrief, Februarie 2001.

63 ANV-argief, Nuusbrief, Februarie 2002.

64 ANV-argief, Nuusbriewe, Februarie 2000, Februarie 2001, Februarie 2002, Februarie 2003.

65 ANV-argief, Nuusbrief, Januarie 2005.

66 ANV-argief, Nuusbrief, Oktober 1998.

67 ANV-argief, Nuusbrief, Januarie 1999.

gebruik kon word om byeenkomste vir ouer lede te reël en die opbrengs was heelwat groter as wat verwag is.⁶⁸ In 1999 is die mark selfs deur 900 mense besoek en is daar nog meer geld ingesamel.⁶⁹ Ook in 2001 en 2002 was die geleentheid 'n groot sukses.⁷⁰ In 2003 is daar in die nuusbriewe 'n oproep gedoen dat lede betrokke moet raak by die organisasiewerk, aangesien die bestuur alleen nie meer kans sien om weer 'n mark te organiseer nie. Die kermis het tog plaasgevind en 80 medewerkers was daarby betrokke.⁷¹ Ook in 2004 en 2005 was daar 'n Markt der Lage Landen en is geld ingesamel wat veral vir behoeftige Nederlandstalige mense aangewend is.⁷² In 2005 is daar ook begin met 'n "mini-mark" wat meermale per jaar gehou is.⁷³ In 2006 is egter besluit om nie meer met die Markt der Lage Landen voort te gaan nie, onder meer omdat dit baie groot insette van die bestuur geveer het en die bestuur van mening was dat daar sterker toegespits moet word op die bevordering van die Nederlandse taal en kultuur, eerder as op die insameling van geld vir liefdadigheid.⁷⁴

Daar is in 1999 begin met 'n Gouden Jaren Fonds wat voorsiening gemaak het vir gereelde byeenkomste van lede ouer as 70 waar hulle onder meer op "koffie en gebak" getrakteer is en daar programme aangebied is wat kabaret, sang en musiek ingesluit het.⁷⁵ By die byeenkoms van Junie 2001 was 60 persone teenwoordig. Daar is aan hulle 'n maaltyd aangebied en 'n film oor die Nederlandse koningshuis vertoon.⁷⁶ By 'n byeenkoms in Julie 2002 was daar 90 mense aanwesig en het die Nederlandse konsul-generaal 'n toespraak gelewer.⁷⁷ In 2004 is daar besluit om aparte byeenkomste vir ouer lede te laat verval.⁷⁸ Volgens die voorsittersverslag van 2006 sou daar egter voortgegaan word om besondere aandag te gee aan ouer lede en in besonder diegene wat finansiële probleme ondervind.⁷⁹

In die afgelope dekade het die afdeling die organisasie behartig van optredes deur verskeie Nederlandse, Belgiese en Suid-Afrikaanse kore, volksdansgroepe,

68 ANV-argief, Nuusbriewe, Januarie 1999.

69 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 1999.

70 ANV-argief, Nuusbriewe, Desember 2001, Desember 2002.

71 ANV-argief, Nuusbriewe, Augustus 2003, November 2003.

72 ANV-argief, Nuusbriewe, November 2004, Maart 2006.

73 ANV-argief, Nuusbriewe, Mei 2005.

74 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 22 Februarie 2006.

75 ANV-argief, Nuusbriewe, April 1999, Junie 1999.

76 ANV-argief, Nuusbriewe, Augustus 2001.

77 ANV-argief, Nuusbriewe, Augustus 2002.

78 ANV-argief, Nuusbriewe, 20 Augustus 2004.

79 ANV-argief, Voorsittersverslag, 2006.

voordragkunstenaars en sangers en is ook gesamentlike besoeke van ANV-lede aan operas, konserte en toneelopvoerings gereël.⁸⁰ Daar is ook uitstappies van ANV-lede gereël na, onder meer, die Palmiet-elektrisiteitsentrale, Robbeneiland, die Pollsmoorgevangenis, die parlamentsgebou en Kirstenbosch⁸¹ en verder het daar ook wandel- en seilboottogte en motorritte onder beskerming van die afdeling plaasgevind.⁸²

Soos reeds in die vroeë jare van die afdeling die geval was, het lesings oor 'n verskeidenheid onderwerpe steeds 'n belangrike deel van die afdeling se aktiwiteite uitgemaak. Sedert 1995 het daar onder meer lesings plaasgevind deur Nederlandse besoekers en deur Afrikaanssprekende geleerdes soos die letterkundige John Kannemeyer en die filosoof Johan Degenaar.⁸³ Nederlandse en Belgiese films is ook gereeld vertoon.⁸⁴

Reeds sedert 1951 het die ANV-afdeling 'n nuusbrief uitgegee. Vanaf 1995 het daar meesal vyf of ses uitgawes per jaar verskyn. Die omvang van elke uitgawe het gewissel van vier tot sestien bladsye. Daar is hoofsaaklik geskryf oor aktiwiteite van die vereniging wat gaan plaasvind en reeds plaasgevind het, maar ook is kort besprekings van Nederlandse boeke en algemene nuusbrokkies oor sake wat van belang is vir ANV-lede opgeneem. Die koste van die nuusbrief is gedeeltelik gedra deur advertensies.⁸⁵ Van Januarie tot April 2003 het die ANV en die HdN 'n gesamentlike nuusbrief laat verskyn, maar nadat die ANV in Februarie 2003 besluit het om die betaling van 'n deel van sy ledegeld aan die HdN te staak, het die HdN verkies om, soos vroeër, 'n aparte nuusbrief uit te gee.⁸⁶ Die vereniging Vrienden van de Nederlandse Bibliotheek het vanaf 2006 ook 'n eie nuusbrief uitgegee wat afsonderlik maar ook as deel van die ANV-nuusbrief verskyn het.⁸⁷

80 ANV-argief, Nuusbriewe, Februarie 2000; Oktober 2000; Julie 2004; Oktober 2004; November 2004; Januarie 2005; April 2005; Julie 2005; Januarie 2006; Maart 2006; Julie 2006; September 2006; November 2006; Februarie 2007; April 2007.

81 ANV-argief, Nuusbriewe, Junie 2003; Maart 2005; September 2006.

82 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 20 April 2000; 18 Januarie 2001; Nuusbrief, Februarie 2002; Maart 2003; Mei 2003.

83 ANV-argief, Nuusbriewe, Augustus 2000; April 2001; Februarie 2002.

84 ANV-argief, Voorsittersverslag, 1996; Nuusbriewe, Februarie 1998; Augustus 1998.

85 Dit blyk uit die nuusbriewe wat beskikbaar is in die ANV-argief.

86 ANV-argief, Nuusbrief, Mei 2003.

87 ANV-argief, Nuusbrief, September 2006 en verder.

Samewerking met ander instansies

Soos hierbo aangedui, het die ANV-afdeling Kaapstad 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die Huis der Nederlanden. In die eerste jare na die oprigting van die HdN in 1997 was daar noue bande tussen die twee instansies. Me Zirkëa Ellis, direkteur van die HdN, het in die afdelingsbestuur sitting geneem en die voorsitter van die ANV-afdeling het vergaderings van die bestuur van die HdN bygewoon. Daar is gereeld oor die HdN se aktiwiteite in die ANV-nuusbrief berig en baie ANV-aksies het in die HdN plaasgevind. In 2002 is op 'n algemene ledevergadering van die ANV-afdeling verklaar: “de samenwerking met de stichting Huis der Nederlanden loopt gesmeerd, dankzij ook de wederzijdse vertegenwoordiging in de beiden besturen”.⁸⁸ Die HdN het tevergeefs probeer om 'n subsidie te verkry van die Nederlandse regering of die Vlaamse regering (wat binne België as 'n aparte regeringstruktuur bestaan), en hoofsaaklik afhanklik gebly van die finansiële steun van die Willem de Zwijger Stichting (wat indirek die eienaar van die gebou gebly het waarin die HdN gehuisves was), ZASM en ander instansies. Die ANV-afdeling het met die oprigting van die HdN onderneem om ook finansiëel by te dra tot die instandhouding van hierdie sentrum, maar die grootte van die ANV se bydrae is elke jaar opnuut deur oorplegging tussen die twee besture bepaal.⁸⁹ Nadat die ANV die boekevoorraad aan die HdN oorgedra het, het die ANV-afdeling, soos ander verenigings wat van die HdN se fasiliteite wou gebruik maak, huurgeld betaal wanneer hulle 'n lokaal daar gebruik het. Die finansiële probleme wat die HdN in 2004 en 2005 ondervind het, het daartoe gelei dat die kuratorium van die Willem de Zwijger Stichting en die bestuur van ZASM in 2006 besluit het dat die HdN geherstruktureer moet word sodat dit meer kon konsentreer op sy kernfunksie, naamlik “vertegenwoordiging en informatie over de Nederlanden ten dienste van Zuid-Afrikanen aan de Kaap”. Dit sou inhou dat die finansiële verbintenis met die ANV-afdeling heeltemal beëindig word en dat ANV-lede onder meer nie meer gratis van die biblioteek kon gebruik maak nie.⁹⁰ Hierdeur besluite het die verhoudinge tussen die ANV en die HdN vertroebel. Daar bestaan tans nie meer 'n formele band tussen die HdN en die ANV-afdeling nie, hoewel sommige lede nog die gebou van die HdN in Pinelands gereeld besoek om die biblioteek te gebruik en die afdeling soms nog funksies daar aanbied.

88 ANV-argief, Notule ledevergadering, 28 Februarie 2002.

89 ANV-argief, Nuusbrief, Januarie 2004.

90 ANV-argief, Nuusbrief, Julie 2006.

In 1998 is daar oorleg gepleeg met die Nederlandse Club in Kaapstad, wat al vanaf 1940 bestaan het en 'n tyd lank onaktief was, maar in 1998 weer tot lewe gekom het. Dit het geblyk dat, hoewel die Nederlandse Club hoofsaaklik 'n gsellighedsvereniging is en hom nie besig hou met die bevordering met die Nederlandse taal en kultuur nie, daar tog saamgewerk kon word in aktiwiteite soos die Sinterklaasfees en die Groot Dictee der Nederlandse Taal.⁹¹ Soos reeds hierbo vermeld, is by die toekenning van boekpryse saamgewerk met die Kaapse Forum vir Neerlandistiek, 'n liggaam wat hoofsaaklik bestaan het uit akademië wat geïnteresseerd was in die Nederlandse taal en letterkunde.⁹²

Met die Nederlandse ambassade in Suid-Afrika en die konsulaat in Kaapstad was daar steeds goeie betrekkinge. Die ambassadeur was betrokke by die jaarlikse oorhandigingsgeleenthede van boekpryse aan universiteitstudente.⁹³ Die konsulaat het gereeld films en ander inligtingsmateriaal aan die afdeling beskikbaar gestel en jare lank daarvoor gesorg dat die boekery Nederlandse koerante ontvang. Ook is finansiële skenkings gedoen vir die aankoop van boeke.⁹⁴ Sommige lede van die Nederlandse diplomatieke personeel, soos konsul Harry Molenaar en konsul-generaal Ellen Berends, het nou betrokke geraak by die werksaamhede van die ANV, terwyl ander minder belangstelling getoon het.⁹⁵ Ook met die verteenwoordigers van die Belgiese regering was daar steeds goeie verhoudinge. Die Belgiese ambassade het die afdeling eweneens van boeke, films en ander inligtingsmateriaal voorsien en boeke vir prysuitreikings verskaf.⁹⁶ Met sy besoek aan Suid-Afrika in 1994 het die minister-president van Vlaandere ook die boekery besoek, terwyl die Belgiese konsul van tyd tot tyd besoeke aan die biblioteek gebring het.⁹⁷ Oor die algemeen het die Belgiese diplomate egter nie baie betrokke geraak by ANV-aktiwiteite nie.⁹⁸

91 ANV-argief, Nuusbrief, Augustus 1998; Notule bestuursvergaderings, 24 September 1998; 21 November 2001; ledevergadering 24 Februarie 2000.

92 Met die Vlaams-Suid-Afrikaanse kultuurstigting, 'n liggaam wat gesetel is in Stellenbosch en wat veral bestaan uit Afrikaanstalige akademië en studente wat aan uitruilprogramme met Belgiese universiteite deelneem, het die ANV, sover dit uit die notules en nuusbriewe blyk, geen direkte kontak gehad nie.

93 ANV-argief, Voorsittersverslag, 1996; Nuusbriewe Junie 1998; Desember 1999.

94 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 19 Oktober 1995.

95 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 20 April 2000, Notule ledevergaderings, 27 Februarie 2003; Mondelinge mededeling, G Wiechers (Voorsitter, ONV-afdeling, Kaapstad), 20 Februarie 2008.

96 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 18 November 1993, 15 Februarie 1996.

97 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 13 Oktober 1994; Voorsittersverslag, 1996.

98 G Wiechers, Mondelinge mededeling (Voorsitter, ONV-afdeling, Kaapstad), 20 Februarie 2008.

Verhouding met die ANV in Nederland en België

Soos hierbo aangedui, het die kulturele integrasie van Nederland en Vlaandere vanaf die 1970's die hoofokus van die ANV in Nederland en België geword. Daar is veral aandag gegee aan projekte wat hiermee verband hou en die werksaamhede van die afdelings is in besonder hierop gerig. Dit het meebring dat die karakter van die ANV-afdeling Kaapstad in groter mate begin verskil het van die ANV-afdelings in Nederland en België as wat vroeër die geval was. Hierdie afdeling sou immers moeilik sy doelstellings kon rig op die kulturele integrasie van Nederland en Vlaandere en aktief deelneem aan projekte wat in hierdie verband in Europa onderneem is. Hoewel die ANV nouer kontak met Nederlandstaliges in ander wêrelddele as een van sy oogmerke beskou het, het dit nie gelei tot die oprigting van ANV-afdelings of -sentrums in ander lande nie.⁹⁹ Vanaf die sewentigerjare was Kaapstad die enigste aktiewe ANV-afdeling buite Europa, maar die organisasiestruktuur, asook die geografiese afstand, het meebring dat die afdeling Kaapstad nie baie nou betrokke was by besluite op hoofbestuursvlak nie. Daar is ook nie 'n algemene beleid geformuleer van hoe die ANV buite Nederland en Vlaandere moet funksioneer nie, en in Kaapstad het die patroon wat reeds in die vroeë twintigste eeu gevestig is grotendeels behoue gebly. W. van der Sande, voorsitter van die afdeling Kaapstad, het in 1994 verklaar dat in 'n buitelandse afdeling van die ANV die ontspanningselement van die Nederlandstaliges onder mekaar 'n wesenlike rol speel in die verwesenliking van die ANV-doelstelling om die Nederlandse taal en kultuur te bevorder en dat daarna gestreef moet word om die juiste harmonie te vind.¹⁰⁰

Die ANV-tydskrif *Neerlandia* staan vanaf 1995 bekend as "Nederlands-Vlaams tijdschrift voor taal en cultuur", hoewel daar tog nog elke jaar enkele artikels in die blad verskyn het wat oor Suid-Afrika of oor die Afrikaanse taal en letterkunde handel. Met die eeufeesviering van die ANV in 1995 het 'n gedenkboek die lig gesien waarin as sentrale tema in die geskiedenis van die ANV, veral wat die jare voor 1945 betref, die verhouding tussen Nederland en Vlaandere behandel word.¹⁰¹ Die ANV se optrede tydens die Anglo-Boereoorlog, wat 'n groot deel van die ANV se werksaamhede gedurende die eerste

99 In 1993 is daar (weer) 'n ANV-afdeling op Curacao opgerig, maar dit is tans nie meer aktief nie. Kyk P van Hees en H de Schepper (reds.), *Tussen cultuur en politiek; het Algemeen-Nederlands Verbond, 1895-1995* (Hilversum-Den Haag, 1995), pp. 236-237.

100 ANV-argief, Voorsittersverslag, 1993.

101 P van Hees en H de Scheper (reds.), *Tussen cultuur en politiek*.

jare van sy bestaan uitgemaak het,¹⁰² word glad nie vermeld nie. In 1999 het Kits Nieuwenkamp, wat intussen afgetree het as algemene sekretaris van die ANV, sy kommer daaroor uitgespreek dat me J. Baartmans-Van den Bogaert, wat in 1998 algemene voorsitter van die ANV geword het, in 'n artikel in *Neerlandia* slegs oor Nederlands-Vlaamse samewerking geskryf het en glad nie verwys het na Suriname, Suid-Afrika of Namibië nie. Volgens Kits Nieuwenkamp was “bevordering van de Nederlandse taal en cultuur waar ook ter wereld dé formule van het ANV”.¹⁰³ In die volgende jaar is daar tog besluit om meer klem te lê op die internasionale karakter van die ANV; dit sou voortaan bekend staan as “internationale vereniging voor de Nederlandse taal en cultuur”. 'n Kommissie is benoem is om kontak met die buiteland te versterk. Die kommissie het onder meer aanbeveel dat gestreef word na nouer samewerking met ander lande wat historiese of teenswoordige taal- en kultuurbande met Nederland en Vlaandere het; dit is veral die lande van die Europese Unie, Suid-Afrika, Suriname, die Antille en Aruba, Nieu-Seeland, Indonesië, Australië en Kanada. Wat Suid-Afrika betref, is aanbeveel dat die bande met die Huis der Nederlanden versterk word.¹⁰⁴

Vir die ANV in Nederland en België het die ANV-afdeling Kaapstad dus op die periferie van die organisasie gelê. In die negentigerjare was daar blykbaar nie baie kontak tussen die afdeling Kaapstad en die hoofkantoor in Den Haag nie, hoewel die algemene ANV-sekretaris, Kits Nieuwenkamp, verskeie kere die afdeling in Kaapstad besoek het en die afdelingsvoorsitter, J van der Wielen, in 1996 'n besoek gebring het aan die kantoor in Den Haag.¹⁰⁵ Op 'n ledevergadering van die afdeling in 2000 het die afdelingsvoorsitter, G Wiechers, verklaar dat daar dekades lank te min kontak met die hoofbestuur was.¹⁰⁶ Op 'n volgende ledevergadering, in 2002 het Wiechers opgemerk dat die betrekkinge met die ANV in Nederland en Vlaandere maar stroef is en dat die afdelingsbestuur homself die vraag gestel het of dit nog sinvol is om die bande met die hoofbestuur te behou.¹⁰⁷ In die jaar daarna het hy selfs verklaar dat dit lyk of die afdeling 'n koers moet volg wat onafhanklik is van die ANV in Nederland.¹⁰⁸ Gedurende 2003 was daar blykbaar maar min kontak met die hoofbestuur en was daar, volgens Wiechers, by die bestuur in Nederland

102 Vergelyk P de Klerk, “Die Algemeen-Nederlands Verbond en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 8(2), 1994, pp. 65-71.

103 *Neerlandia* 103, 1999, p. 15.

104 ANV-argief, Nuusbriewe, April 2000; Augustus 2002.

105 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 19 September 1996.

106 ANV-argief, Notule ledevergadering, 24 Februarie 2000.

107 ANV-argief, Notule ledevergadering, 28 Februarie 2002.

108 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 21 Augustus 2003.

nie veel belangstelling vir die wel en wee van die afdeling nie.¹⁰⁹

In 2004 het die verhoudinge egter verbeter en Wiechers het tydens besoeke aan Nederland in 2004 en 2005 gesprekke met verskeie hoofbestuurslede gevoer.¹¹⁰ In 2005 is besluit dat die afdeling Kaapstad op die hoofbestuur verteenwoordig moet word en is Wiechers tot die hoofbestuur verkies.¹¹¹ Verskeie lede van die afdeling het gedurende 2005 en 2006 algemene en hoofbestuursvergaderings van die ANV in Nederland bygewoon, maar het hulle by hul terugkeer nie baie positief oor hul ervarings uitgelaat nie. Daar was, volgens hulle, heelwat onenigheid tussen die lede en die vergaderings het nie baie ordelik verloop nie.¹¹² Die afdelingsbestuur was van mening dat betrokkenheid by die ANV-hoofbestuur tog van belang was, veral weens die moontlikheid om sodoende fondse vir die Nederlandse Biblioteek te verkry.¹¹³

Dit blyk dat interne probleme wat die ANV in Nederland en België ondervind het, in die afgelope jare die verhouding met die ANV in Kaapstad beïnvloed het. In 2001 het die Nederlandse regering besluit om sy subsidie aan die ANV te staak. Dit het gelei tot 'n inkrimping van aktiwiteite. Die kantoorpersoneel is drasties verminder en daar is selfs besluit om die gebou waarin die hoofkantoor in Den Haag gehuisves is te verkoop. Hoewel die ANV nog oor heelwat fondse beskik, onder meer die Visser-Neerlandia-fonds, kan hierdie geld net vir besondere projekte aangewend word.¹¹⁴ Die ledetal van die ANV in Nederland en België het steeds verder afgeneem. In die jaarverslag van 2006 word die ledegetal vir Nederland aangegee as 385 en vir Kaapstad as 361, terwyl die getal vir Vlaandere as “onbekend” aangedui word.¹¹⁵ Daar is besluit is om die hele ANV te reorganiseer. In die reorganisasieplan wat tans nog onder oorweging is, word voorgestel dat die missie van die ANV moet lui: “Het ANV wil het inzicht in, de beleving van en het draagvlak van de Nederlandse taal en cultuur in ruime zin bevorderen. Primaire aandacht heeft de hieruit voortvloeiende samenwerking tussen Nederland en Vlaanderen.” Die missie moet bereik word deur, onder meer, afdelings en werkgroepe waar mense wat geïnteresseerd is in die Nederlandse taal en kultuur mekaar ontmoet en wat as diskussieplatforms kan dien, die uitreiking

109 ANV-argief, Voorsittersverslag, 2003.

110 ANV-argief, Voorsittersverslae, 2004 en 2005.

111 ANV-argief, Voorsittersverslag, 2005.

112 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 13 Julie 2005; 26 Oktober 2005; 19 Julie 2006; 24 Januarie 2007.

113 G Wiechers, Mondelinge mededeling, 20 Februarie 2008.

114 *Neerlandia* 105, 2001, p. 40; G Wiechers, Mondelinge mededeling, 20 Februarie 2008.

115 ANV-argief, Konsepjaarverslag, 2006.

van Visser-Neerlandiapyse, die uitgee van 'n tydskrif en die vestiging van leerstoel in Leiden en Brussel. Daar word verder verklaar dat die ANV hom van soortgelyke organisasies onderskei deur sy internasionale gerigtheid en daar word dan ook voorsiening gemaak vir die afdeling Kaapstad as een van die hoofkomponente in die organisasiestruktuur.¹¹⁶

Die ANV-Kaapstad het gesorg dat hy nou betrokke gebly by die reorganisasieproses.¹¹⁷ Deur die geleidelike afname in die reiskoste tussen Suid-Afrika en Europa gedurende die afgelope dekades het dit makliker geword vir ANV-lede van Kaapstad om vergaderings in Nederland en België gereeld by te woon. Aangesien die afdeling Kaapstad ongeveer 'n derde van al die ANV-lede verteenwoordig, is dit tans ook vir die ANV in Nederland en België van belang dat die kontak met Suid-Afrika nie verlore gaan nie maar eerder versterk word.

Samevatting

Die ANV-afdeling Kaapstad het steeds 'n vereniging van Nederlandssprekendes gebly. Daar is in die afgelope jare, soos in vroeëre dekades, verskeie pogings aangewend om meer Afrikaanssprekendes te betrek. Dit is gedoen omdat dit in ooreenstemming was met die oorspronklike doelstellings van die ANV, maar ook omdat daar na ongeveer 1970 nie meer baie Nederlandse immigrante na die Kaap gekom het nie en die ledegetal onvermydelik steeds verder sou verminder as daar nie lede buite die Nederlandse gemeenskap betrek word nie. In 1996 het die afdelingsvoorsitter dan ook verklaar dat die enigste manier om die ANV in Kaapstad te red is om Afrikaanssprekendes aan te trek.¹¹⁸ Enkele Afrikaanstaliges, onder wie die skrywer Abraham de Vries, het vir etlike jare op die bestuur gedien, en onder die name van nuwe lede wat van tyd in die nuusbriewe gepubliseer is, kom soms Afrikaanse vanne voor. Die getal Afrikaanssprekende lede het egter baie klein gebly.¹¹⁹ Die Vlaming Roger Neven, wat in 1992 lid van die afdelingsbestuur geword het en daarna jare lank 'n aktiewe rol in die vereniging se werksaamhede gespeel het, het hom daarvoor beywer om Vlaamse lede te werf.¹²⁰ Sy pogings het egter min

116 ANV-argief. Reorganisasieplan vir bespreking op die algemene ledevergadering op 9 Februarie 2008.

117 ANV-argief, Nuusbriewe, Oktober 2007, Februarie 2008; G Wiechers, Mondelinge mededeling, 20 Februarie 2008.

118 ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 18 Januarie 1996.

119 ANV-argief, Notule ledevergadering, 3 Maart 2004.

120 ANV-argief, Notule bestuursvergaderings, 19 November 1992; 21 Januarie 1993.

resultate gehad. Dit was volgens hom veral daaraan te wyte dat daar nie baie Vlaminge in Kaapstad en omgewing woon nie en dat die meeste van dié klein groepie nie daarin geïnteresseerd is om by so 'n vereniging aan te sluit nie of hulle nie tuis gevoel het tussen so baie Nederlanders nie.¹²¹ Laasgenoemde rede geld waarskynlik ook vir die gebrek aan belangstelling in die ANV by die Afrikaanssprekendes. Aan die begin van 2008 was die oorgrote meerderheid van die lede dus Nederlandssprekendes, hoewel baie van hulle al jare lank in Suid-Afrika gewoon het en dikwels, ook deur huwelike, noue bande met gebore Suid-Afrikaners, onder wie veral Afrikaanstaliges, gehad het. Al het hulle hul oorspronklike Nederlandse identiteit behou, het hulle geensins in afsondering van die res van die Suid-Afrikaanse samelewing geleef nie, maar dikwels ook deel uitgemaak van die Afrikaans- of Engelstalige gemeenskappe van Kaapstad en omgewing.

Getrou aan die oorspronklike oogmerke van die ANV het die afdeling tog steeds probeer om 'n vereniging vir Nederlanders, Vlaminge en Afrikaanssprekendes te wees. Van Junie 2000 tot Desember 2005 was die opskrif van die afdeling se nuusbrieff "ANV-afdeling Kaapstad; Afrikaans-Nederlands-Vlaamse vereniging voor taal, kultuur en ontspanning". Daar is gepoog om bande met Afrikaanstaliges en die Afrikaanse kultuur te versterk deur Afrikaanse wetenskaplikes uit te nooi om lesings aan te bied en by kerssangdienste het Afrikaanstalige predikante, kore en musici gereeld opgetree. Uit sy aktiwiteite blyk dit dat die afdeling hom tog hoofsaaklik toegespits het op die bevordering van die Nederlandse taal en kultuur in Suid-Afrika en die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur oorgelaat het aan die talryke organisasies wat hulle reeds daarvoor beywer het.

Die voortbestaan en aktiewe funksionering van die ANV-afdeling Kaapstad gedurende 'n tydperk van honderd jaar is 'n merkwaardige prestasie. Soos reeds vermeld, is baie afdelings in die vroeë twintigste eeu in Suid-Afrika gestig, maar hulle het almal, meesal na slegs enkele jare, weer van de toneel verdwyn. Van al die afdelings wat buite Europa opgerig is, was Kaapstad die enigste een wat 'n eeu lank aktief gebly het. Verskeie faktore het waarskynlik hiertoe bygedra. Een van die faktore was die feit dat die afdeling altyd hoofsaaklik uit Nederlandssprekendes bestaan het. Dit kon hom, anders as ander afdelings in Suid-Afrika, vestig as 'n vereniging wat aan die sosiale en kulturele behoeftes van die groot Nederlandssprekende gemeenskap in sy omgewing voldoen het. Die geskiedenis van afdelings soos Bloemfontein en Pretoria toon dat daar

¹²¹ ANV-argief, Notule bestuursvergadering, 3 April 1997.

nie genoeg gemeenskaplike belange was om 'n groep van Nederlanders en Afrikaners op die lange duur byeen te hou nie. Dit dui op 'n dilemma wat opgesluit lê in die aard en doelstellings van die ANV self. In al sy bestaansjare tot 1971 wou die ANV die drie dele van die Nederlandse "stam" as gelyke groepe byeenbring, maar dit is moeilik om die eenheid van die drie groepe te bevorder sonder dat een van die groepe in die organisasie dominerend word en dan juis die ander afstoot. 'n Verdere faktor wat die kontinue bestaan van die afdeling moontlik gemaak het, was die aanwesigheid binne die Nederlandse gemeenskap van Kaapstad van bekwame persone wat beskik het oor organisasievermoëns en wat leiding kon gee. Die meeste bestuurslede, altans wat die laaste jare betref, was persone wat 'n belangrike rol in die verenigingslewe gespeel het en naas die ANV by verskeie ander organisasies betrokke was. Veral die afgelope dekade was duidelik 'n baie aktiewe periode, en daar is waarskynlik nie baie ander verenigings in Kaapstad wat jaarliks so 'n groot aantal aksies gereël het nie. Nog 'n belangrike rede vir die voortbestaan van die afdeling Kaapstad was die Nederlandse Biblioteek. Die aktiwiteite van die vereniging het steeds in 'n groot mate om die biblioteek gewentel en vir baie lede was die moontlikheid om Nederlandse boeke en tydskrifte te kon lees waarskynlik die vernaamste rede waarom hulle by die ANV betrokke was.

Die vereniging het 'n belangrike bydrae gelewer om die Nederlandse taal en kultuur in Kaapstad en omgewing te bevorder. Sy sosiale aktiwiteite soos die Sinterklaasfees en die Markt der Lage Landen, was in groot mate manifestasies van die Nederlandse (insluitend die Vlaamse) kultuur, maar veral deur die aanbied van lesings en films, die uitreiking van boekpryse en die Groot Dictee der Nederlandse Taal, is die Nederlandse taal en kultuur aan mense buite die eie ledekring bekend gestel. Daarbenewens is met die instandhouding en uitbouing van die biblioteek 'n belangrike bydrae gelewer ten bate van die Nederlandse taal en kultuur in Suid-Afrika. Terwyl die ANV se voortbestaan in belangrike mate te danke was aan die biblioteek, sou die biblioteek, veral in die jare voor 1997, waarskynlik nie bly bestaan het sonder die toewyding van die ANV-lede van Kaapstad nie. Hoewel die afdeling se aktiwiteite rondom die biblioteek in die belang van sy lede gedoen is, blyk dit uit die notules en voorsittersverslae dat die biblioteek steeds gesien is as 'n kultuurskat wat in stand gehou en uitgebou moet word.

Anders as die ANV in Nederland en Vlaandere gedurende die afgelope drie dekades was die werksaamhede van die afdeling Kaapstad tog steeds in 'n

belangrike mate na binne, op sy eie lede, gerig eerder as op die uitdra van die Nederlandse kultuur in die breër Suid-Afrikaanse samelewing. Die Huis der Nederlanden, in die oprigting waarvan die ANV en sy afdeling Kaapstad 'n baie belangrike rol gespeel het, se aktiwiteite is veral daarop ingestel om al die sektore van die Kaapse samelewing met die Nederlandse kultuur in aanraking te bring en daarom miskien meer in ooreenstemming met die ANV-ideale, soos die hoofbestuur dit vanaf die sewentigerjare geformuleer het. Dit lyk asof die probleme wat daar van tyd tot tyd in die verhouding tussen die ANV-afdeling en die HdN ontstaan het, in belangrike mate daaraan toegeskryf kan word dat die Willem de Zwijger Stichting, die ANV-afdeling en ander betrokke instansies, nie van die begin af deeglik besin het oor presies wat hulle met die HdN wou bereik, hoe die aktiwiteite gefinansier moet word en wat die konsekwensies daarvan vir die ANV en vir sy betrokkenheid by die HdN en die biblioteek sou wees nie. Daar bestaan tans 'n taamlik ingewikkelde verhouding tussen die ANV-afdeling, die HdN en die Vrienden van de Nederlandse Bibliotheek, wat al drie die Nederlandse taal en kultuur in Kaapstad en omgewing wil bevorder. Dit veroorsaak waarskynlik onnodige duplikasie, veral as 'n mens lees dat al drie organisasies ook lesings en filmvertonings reël. Soos hierbo verduidelik, het verskeie faktore tot hierdie opset gelei, en dit kan net verwelkom word as daar op hierdie wyse 'n moontlikheid gevind is om die probleme te oorbrug en die ideaal van die bevordering van die Nederlandse kultuur in Suid-Afrika te verwesenlik. Hoewel sake nie heeltemal verloop het soos die ANV, en veral die afdeling Kaapstad, by die oprigting van die HdN in gedagte gehad het nie, het die ANV deur sy inisiatiewe in belang van die biblioteek en sy rol in die totstandkoming van die HdN 'n belangrike bydrae gelewer om 'n sentrum daar te stel vir die bevordering van die Nederlandse taal en kultuur in Suid-Afrika.

Reeds in 2001 was sowat die helfte van die lede van die ANV-afdeling meer as 70 jaar oud.¹²² Die ledetal van die afdeling Kaapstad het vanaf 1995 tot 2001 nog tussen 650 en 700 gebly,¹²³ maar daarna het die getal begin afneem. Teen die einde van 2006 was die ledetal 360.¹²⁴ Hierdie situasie is nie net die gevolg daarvan dat daar nie meer baie Nederlandse immigrante na Suid-Afrika kom nie, maar waarskynlik ook daaraan te wyte dat jonger mense oor die algemeen nie belangstel in aktiwiteite van verenigings soos die ANV nie. Dit is 'n probleem waarmee die ANV in Nederland en België ook te kampe

122 ANV-argief, Nuusbrief, Februarie 2001.

123 ANV-argief, Notule ledevergadering, 28 Februarie 2002.

124 ANV-argief, Voorsittersverslag, 2006.

het. Dit lyk daarom of die ANV, in Kaapstad en in Europa, nie meer lank sal voortbestaan nie, tensy dit in in 'n heeltemal nuwe vorm gegiet kan word. In Suid-Afrika mag groter samewerking met die Huis der Nederlanden 'n middel wees om te verseker dat die ANV ook in die toekoms by die bevordering van die Nederlandse kultuur betrokke bly.

